# Comment
# Kommentaar



deur
Willie Petersen

**Dit is met groot verwagting dat die loodsing van die Akademie van Huisartspraktyk afgewag is en dit word vertrou dat elke huisarts reeds oortuig is van die noodsaaklikheid van hierdie grootse poging se suksesvolle deurvoering. Indien ons nie daarin slaag om alle praktieserende algemene praktisyns op een of ander wyse hierby te betrek nie, sal dit een van die grootste mediese rampe van die jare tagtig wees.**

Die "sogenaamde te besige huisarts" sal sekerlik aanvoer dat dit goed is dat die geleentheid geskep word vir daardie dokters wat nie genoeg weet van medisyne nie, om hulle kennis op te knap.

Dit is dikwels die praktisyn wat lank in die praktyk staan en op sy jare-lange ondervinding staatmaak wat meen dat voortgesette opleiding nie vir hom bedoel is nie.

Die ondervinding van jare in die praktyk mag van groot waarde wees sover dit die diagnostiese vaardigheid van die betrokke geneesheer betref, maar die knoop lê by die terapeutiese vaardigheid van die moderne geneesheer.

Ek het persoonlik die afgelope tyd tot die ontsettende gevolgtrekking gekom dat daar heelwat kollegas is wat skynbaar nie bewus is van die nadelige effek van tetrasikliene op die tande van jong kinders nie.

Indien my afleiding verkeerd is wat betref die kennis van hierdie kollegas, wil ek pertinent die vraag stel om watter rede met hierdie kriminele behandelingsmetode voortgegaan word in gevalle waar die vermy kan word.

Ek gee toe dat die tetrasiklienes nog 'n baie goeie antibiotikum is, maar dan wel waar dit aangedui is.

Daar is veels te veel soortgelyke voorbeelde van ongunstige newe-effekte en interaksies van ons moderne medikamente om hier op te noem, maar die feit blystaan dat 'n groot persentasie van ons dokters nie genoegsame kennis dra daarvan nie en dus nie die erns van die saak na waarde skat nie.

Die kontra-indikasies van sommige alledaagse medisynes wat voorgeskryf word, skep groot gevare vir die pasiënt en sy uiteindelike welsyn.

Na aanleiding van 'n stigtingsimposium van die Akademie wat ek deels bygewoon het, wil ek net 'n waarskuwing rig dat ons nie te voortvarend op eie kennis en leermetodes sal staatmaak nie, maar dat die deur ten alle tye oopgelaat sal word sodat ons ook van die welwillende kennis en hulp van ons spesialis-kollega sal kan gebruik maak.

Die kennis en ervaring van 'n deskundige op 'n sekere vakgebied kan vir ons van groot waarde wees en selfs onmisbaar in sekere gevalle.

Ten slotte is dit opmerklik hoe min Afrikaanssprekende kollegas dit nodig ag om sulke voortgesette opleidingskursusse mee te maak. Miskien is dit dan ook die rede waarom ons so min of selfs geen Afrikaans hoor by sulke geleenthede.

Laat ons almal besef en erken dat ons kennis nie volmaak is nie en dat ons eendragtelik saamspan om van hierdie Akademie wat uit ons eie nood tot stand gekom het, 'n sukses te maak deur dit te ondersteun deur aktiewe bywoning van sy byeenkomste!

# Medical Topics

## No more Tioctan Strong from Intal

Tioctan has been available in South Africa in two oral dosage forms, Tioctan Simple and Tioctan Strong in addition to the injectable 5 ml Tioctan ampoule. The drug has established itself as an effective and potent live detoxicant and is extensively prescribed in conditions such as liver disorders, alcohol abuse, nausea, and vomiting in pregnancy and generally where the patient requires a physiological "tonic" effect.

The ingredient responsible for its mode of action is thioctamide, an amide of thioctic acid (lipoic acid) an oil soluble member of the 8 group vitamins. Tioctan acts as a coenzyme in the process of entry of pyruvic acid into the Tri Carboxylic acid cycle and plays an essential role in energy production.

The availability of different formulations has caused confusion to doctors especially due to the misnomers used. It has been decided to continue with only one oral form of Tioctan - Tioctan tablets Simple.

The reason being that Tioctan Simple contains the appropriate higher dosage of thioctamide, namely 10 mg, and since the effect of Tioctan is dependent on this main ingredient, the addition of other lipotropics and vitamins is superfluous.

We therefore announce the discontinuation of Tioctan Strong, and request you to please prescribe Tioctan Simple, or merely Tioctan, in future. The ampoules remain avaiable for intravenous administration in hyperemesis gravidarum, heavy metal poisoning and alcoholic poisoning.

Further information available from Intal Ethical Promotions (Pty) Limited, P.O. Box 10534, Johannesburg 2000.

*For further information circle*
**No 201**

# Letter

Dear Sir,
The article "Sexually Seductive Patients in General Practice" by Dr B. Michaelides refers.
May I, through you, ask the author two questions:
1. Are all registered general practitioners and specialists in South Africa male?
2. Are female registered medical practitioners (should there be any) never propositioned by male patients?
Yours etc,
**Pieter J. van Biljon** M.B., CH.B,MD.
Wesfleur Hospital,
Atlantis